DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen — Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XX, No. 698.] 9 AUGUSTUS 1935 GEREGISTREER AAN DIE HOOF-POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD [PRYS 4D.

# Die Afrikaanse Eisteddfod

OP die dag waarop hierdie uitgawe van ons blad verskyn, sal die openingsverrigtinge van vanjaar se Afrikaanse Eisteddfod in Kaapstad plaasvind. *Die Huisgenoot* het vanaf die ontstaan van hierdie belangrike kunsvereniging die voorreg gehad om as peetvader daarvan op te tree; maar anders as wat met so baie peetvaders die geval is, was daar nooit 'n oomblik waarop ons 'n verontrustende gevoel van verantwoordelikheid of van kommer oor skone beloftes wat nie verwesenlik is, gevoel het nie. Jaarliks kon ons gestadige vooruitgang konstateer, en ook vanjaar kry ons uit die voorlopige inskrywingsyfer die indruk dat die Eisteddfod nog volhou op die weg van vooruitgang. Maar wat die vereniging beteken nie alleen vir die Moederstad nie, maar ook vir die Afrikaanse kultuur in die algemeen, word nie deur syfers alleen weerspieël nie, hoe bemoedigend dié ook al mag wees. Waar 'n duisend of meer mededingers direk beïnvloed word en deur hul aktiewe deelname, deur hul praktiese meelewing met die ideale van die Eisteddfod tot 'n voller en ryper kultuurlewe aangespoor word, is daar miskien nog drie of vier maal soveel wat op indirekte wyse die weldadige invloed van die vereniging ondervind. Want die deelnemers word in hierdie geval eers voorlopig geskif en alleen die bestes word toegelaat om aan die finale toetse deel te neem. Die invloed strek egter nog verder. Die bestuur ontvang jaarliks talle van navrae in verband met elke tak van die Eisteddfod se werksaamhede, en baie dorpe en stede in Kaapland het reeds hul eie kunsverenigings op die model van die Kaapstadse Eisteddfod gestig.

As geheel is die inskrywingsyfer heelwat hoër as die van vorige jare. Veral die inskrywings in die afdeling instrumentale musiek, is baie bemoedigend, en die wedstryde behoort besonder interessant te wees. In die klasse sangspelletjie en gedramatiseerde mite vir die heel kleintjies is daar egter minder inskrywings as tevore. Dit moet waarskynlik toegeskryf word aan die groot koste wat aan sulke opvoerings verbonde is, wat meestal deur die betrokke skole self gedra moet word.

Die afdeling vir kore het ook weer heelwat belangstelling gewek. In die afdeling komposisie is die deelneming egter swakker as in vorige jare. Dit is baie jammer, want hierdie klas is in die verlede goed ondersteun en het 'n aantal werke van hoë gehalte opgelewer wat later gepubliseer is. Daar is heelwat mededingers in die klas vir gesamentlike sang, maar die bestuur sou graag nog groter belangstelling gesien het in die klasse vir tweesang, kwartette ens. Dit is 'n afdeling van die musiek wat nie genoeg aandag geniet nie, soos onder andere blyk uit die skaarste aan grammofoonplate van hierdie aard. Die musiekafdeling het ook weer 'n paar amateur-orkeste getrek, wat baie behoort by te dra tot die aantreklikheid van die pryswinnerskonsert.

Die afdeling voordrag het weer die grootste aftrek gekry. In die afdeling vir die heel kleintjies is daar b.v. een klas met nie minder as vyftig deelnemers nie. Die Afrikaners — en veral die jong geslag — word dikwels daarvan beskuldig dat hulle slordig praat en geen sorg hoegenaamd bestee aan artikulasie nie. Voorligting soos wat hier en deur ander soortgelyke kunsverenigings verskaf word, behoort aansienlik daartoe by te dra om die opgroeiende geslag die skoonheid van die gesproke woord beter te laat besef.

Die klas vir toneel is nog altyd goed ondersteun, maar vanjaar is die belangstelling buitengewoon groot, 'n feit wat ongetwyfeld moet toegeskryf word aan die bloeiende toestand waarin die Afrikaanse amateur-toneel in Kaapstad verkeer. Die afdeling letterkunde het veral van die kant van die skole steun ontvang. Dit is in sover bemoedigend dat daar by die jonger geslag 'n lewendige belangstelling in die skryfkuns is; maar aan die ander kant is dit jammer dat skrywers wat eers 'n boek of digbundel op hul rekening het, dit benede hul waardigheid ag om in wedstryde van hierdie aard mee te ding. Dit sou aan hul betekenis geen afbreuk doen nie en baie daartoe bydra om die peil van die afdeling hoog te hou.

Die afdeling hande-arbeid het inskrywings van oor die hele provinsie en selfs uit die binneland getrek en behoort een van die glanspunte van die Eisteddfod te wees.

* * *

Bostaande is 'n kort oorsig van die verskillende vertakkinge van die kultuurlewe van die volk wat die Eisteddfod bevrugtend probeer beïnvloed. Die onderneming wil meer en meer 'n brandpunt word van waar daar op die jonger geslag 'n gloed van besieling sal uitgaan as teenwig teen die materialistiese neiginge van die teenwoordige tyd. Hoeveel inspanning en opoffering die werk vereis, watter gloed van opofferende liefde, kan alleen diegene getuig wat in die nouste voeling verkeer met die klompie organiseerders. Laat ons hulle ons dank betuig deur ons persoonlike belangstelling in die verskillende wedstryde en deur ons tasbare hulp wanneer daarom gevra word. Ons hulde aan die onbaatsugtige organiseerders, vir wie se liefde tot die saak geen opoffering te groot is nie, en ons innige dank aan die eweneens klein klompie Afrikaners wat die Bestuur nog elke jaar so gulhartig met geldelike bydraes gesteun het.

## Ek sal nie eensaamheid kan smaak in hierdie lewe

*Ek sal nie eensaamheid kan smaak in hierdie lewe,*
*al is ek in die hart van 'n Saharaland geplaas,*
*dan nog sal die sandwolke wat my daar dan mag omswewe,*
*my liefde vir hul aard en soort inblaas:*
*Ek sal nie eensaamheid kan smaak in hierdie lewe.*

*Sowaar, dit is my om die ewe*
*of alledaagse menselik geraas*
*dan wel die swye van die graf my sou omgewe!*

*Al is ek van geen vrou se hart en liefde baas,*
*tog bly ek in die groot patroon van al wat is nog ingegewe,*
*en ewe mooi is my daarvan die drade en die maas:*
*Ek sal nie eensaamheid kan smaak in hierdie lewe.*

A. FOUCHÉ.

## Aantekeninge

UITSAAILESSE VIR SKOLE.

Ten einde *Die Jongspan* in ruimer mate te laat voldoen aan die behoefte van ons skole het ons van die Adviserende Komitee insake die Uitsaaidiens vir Skole van die Departement van Onderwys, Kaapland, met goedkeuring van die Superintendent-Generaal die alleenreg verkry van gedurende die kwartaal die volledige program en aantekeninge by die uitsaailesse, soos amptelik opgestel en goedgekeur, te publiseer. Hieraan sal elke week die twee middelste bladsye van *Die Jongspan* gewy word. Op 16 Augustus publiseer ons dan die amptelike program en aankondigings vir die week wat eindig op 23 Augustus.

In die skoolvakansies, wanneer daar geen program is nie, sal hierdie twee bladsye gewy word aan die belangrikste en treffendste lesse wat gedurende die afgelope kwartaal uitgesaai is. Sommige lesse sal wellig ook gedurende die kwartaal in ons blad verskyn, as die ruimte dit toelaat.

Ons hoop dat onderwysers en leerlinge dit baie nuttig sal vind om die program en aantekeninge van die komende week altyd vooraf in *Die Jongspan* gedruk te hê, asook dat hulle die beste lesse wat uitgesaai is, graag nader sal wil bestudeer wanneer hulle in ons blad verskyn. Die program word ruim van illustrasies en tekeninge voorsien.

HUGUENET SE TONEELREIS.

André Huguenet en sy geselskap sal binnekort onder beheer van die African Theatres 'n uitgebreide toneelreis deur die Unie onderneem met die volgende toneelstukke: *Die Heilige Vlam,* wat 'n vertaling is van die drama van Somerset Maugham, en *Ek het 'n Man Vermoor.* Laasgenoemde stuk is 'n drama deur die bekende jong Franse dramaturg, Maurice Rostand, seun van die beroemde Edmond Rostand, wat die onvergelyklike *Cyrano de Bergerac* geskryf het. Die vertaling is deur dr. F. C. L. Bosman van Kaapstad, en volgens wat ons meegedeel word, het die oorsetting besonder goed ge-

(*Vervolg op bladsy* 85.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012